Baie welkom by Wapadrant!
'n Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

Wees lief vir mekaar
25 November 2018

Eredienste vandag

09:00	**Amie van Wyk**
Teks:	Openbaring 21: 1-8
Tema:	God maak alles nuut
18:30	**Peet Vermeulen**
Teks:	Mat 25:31-46
Tema:	Berei voor vir jou Koning se koms

- Die **DOOP** word op 9 Desember by die eerste oggend erediens bedien.
- **NAGMAAL** word op 16 Desember bedien by al die eredienste.
- **Rassie** is met langverlof van 12 November tot 12 Desember.
- Peet is met verlof van 29 November tot 9 Desember.
- **PREEKROOSTER:**

Datum	09:00	18:30
2 Des	Jaco	Geen

Algemeen

- **Moederskamer:** Slegs ma's met babas tot een jaar oud.
- **Konsistorie:** Babas (1 & 2 jaar) en ouers.
- **Bybels:** In die kerkbanke vir die gebruik deur lidmate en besoekers of gee gerus vir iemand wat dit nodig het.
- **"Neem-en-Deel":** Bybelboekrak in die saal. Volledige besonderhede by die rak oor hoe die projek werk.

Lief en Leed

ONS VRA VOORBIDDING VIR:

- Henriëtte Coetzer wat 'n neus-operasie ondergaan het.
- Martie Helberg wat in Bloemfontein 'n operasie ondergaan het.
- Rineke Derksen wat 'n rugoperasie ondergaan het by Groenkloof hospitaal.
- Annamarie Human ondergaan Woensdag 'n operasie aan beide oë by die Ooginstituut.

HARTLIK GELUK AAN:

- Imke Wissing, dogter van Marthinus en Hanneke Wissing (0832362696), wat Vrydag in die huwelik tree met Danru Bender.

Diensgroep- en Gemeente aktiwiteite

http://www.wapadrant.co.za/diensgroep-en-gemeente-aktiwiteite.html

- **Senior Bybelstudie:** Afgesluit. Jaareindfunksie 10:00 vir 10:30
- **Vroue Bybelstudie:** Dinsdag 09:00.
- **Manne Bybelstudie:** Woensdag 5:30 in Toringkamer 2.
- **Borg-'n-Bybelprojek**. Plaas vol houertjies in gemerkte houer in saal.

Basaar 2 Maart 2019: Dit is weer die tyd van die jaar om uit te pak en uit te gooi! Skoon, bruikbare artikels, klere, huisraad, leë roomysbakke, blikkies, potte ens. kan in die saal gelaat word. Skenkings vir lekkergoed kan in die houer by die bord gelaat word. Skryf jou naam op die bord waar jy betrokke wil raak.

DANKOFFERVORMS: Dankoffervorms is per epos en slakkepos versend. Ons ontvang graag voltooide vorms nie later as 30 Nov 2018 nie.

Ons nooi alle **besigheidsmanne en dames** uit om te kom luister en saam te gesels met Sloet oor oplossings vir hulle besighede se **Sosio-Ekonomiese Ontwikkelingsuitdagings**. Kruik (nou Missio Dei SA) het voorstelle om te maak aan lidmate oor hoe om al die BBBEE uitdagings te hanteer en terselfdertyd ook oplossings om dit reg aan te wend tot groot voordeel in ons omgewing en ons gemeente. Kom luister eerskomende Woensdagaand 28 November om 18:00 in lokaal 5 (nuwe lokale) hier by die kerk.

Kleuterkerk, Laerskool- & Hoërskoolkleingroepe

- **Kleuterkerk 3-6 jariges:** Afgesluit
- **Laerskool Kleingroepe (Gr 1 - 6):** Afgesluit
- **Hoërskool Kleingroepe (Gr 7 - 12):** Afgesluit

Liefdegawes 2018 (Kollekte tydens eredienste)

- **Twee derdes vir verdienstelike Sake Binne Gemeente:** Wapadrant Diakonie (vir o.a. behoeftige lidmate wat ondersteuning ontvang).
- **Een derde vir verdienstelike Sake Buite Gemeente:** Admin Buro en andere.